

Waar Rusteloosheid Oral Wortelskiet



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Studie: *Matt. 10:34-39, Luk. 12:13-21, Fil. 2:5-8, Luk. 22:14-30 en Matt. 23:1-13.*

Geheeteks: “Want waar jaloesie en selfsugtige ambisie is, dáár sal jy ook wanorde en allerhande gemene dade kry” (*Jakobus 3:16, NLV*).

Espe (oftewel Trilpopulier) is pragtige bome en word 15-30 meter hoog. Hulle floreer in koue klimaatstreke met koel somers. Van Espehout word meubels asook vuurhoutjies en papier gemaak. Tydens die snerpande winters van die VSA eet takbokke en ander diere dikwels aan die jong boompies aangesien hul bas ryk aan voedingstowwe is. Trilpopuliere benodig hope sonlig en groei reg deur die jaar – selfs in die winter – wat dié bome ’n belangrike wintervoedselbron vir verskeie diere maak.

Dit is ook ’n bewese feit dat Trilpopuliere een van die mees uitgebreide wortelstelsel in die planteryk het. Die wortels versprei m.b.v. ondergrondse suiers. So vorm dit ’n kolonie wat dan redelik vinnig verder versprei totdat dit ’n groot area beslaan. Die bogrondse bome kan tot 150 jaar oud word terwyl die groter, ondergrondse organisme duisende jare lank kan voortleef.

In vandeeweek se studie probeer ons die oorsake van die mens se rusteloosheid identifiseer – al die wegsteekplekkies waar dit wortelskiet. Daar is soveel dinge wat keer dat ons ware rus in Jesus Christus vind. Party van hulle is voor die hand liggend en vereis geen verdere ondersoek nie. Ander is moeiliker om raak te sien en is net soos die reuse ondergrondse wortelstelsel van die Trilpopulier – dit is versteek – en bestaan uit houdings en optrede wat ’n mens van die Verlosser skei maar waarvan jy salig onbewus is.

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 17e Julie.*

Jesus Bring Verdeeldheid

Bitter min mense geniet konflik. Ons smag na vrede en harmonie. In ons kerke en instellings reël ons selfs seminare oor konflikhantering en die nastreef van gemeenskaplike vrede.

Lees Matteus 10:34-39. Wat bedoel Jesus waar Hy sê dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard? Watter betekenis kan 'n mens hieruit put, inaggenome dat Jesus die "Vredevors" is (Jes. 9:5, OAB)?

Jesus se woorde in Matteus 10:34-39 is skokkend teenintuïtief [m.a.w. glad nie wat 'n mens in sy leer te wagte is nie]. Die Heiland wat as 'n pappe babatjie in 'n stal gebore is, en nie as 'n magtige kroonprins omring deur lyfwagte nie; wat naasteliefde vir vriend en vyand gepreek het; sê hier vir sy volgelinge dat Hy verdeeldheid en struweling bring. Sy dissipels en sy toehoorders het seker gewonder, net soos ons ook wonder: *Hoe is dit nou veronderstel om te werk?*

Matteus 10:35-39 gaan eintlik oor lojaliteit. Jesus haal Miga 7:6 aan en stel sy toehoorders voor 'n bepaalde uitdaging: dink aan jul ewige lot en kies reg. 'n Seun behoort byvoorbeeld sy ouers te eer en respekteer, en hulle lief te hê. Dit is deel van die gebooe wat Moses op Sinai ontvang het. Dit is onder andere wat die Here m.b.t. sy volk se optrede verwag het. As die kind se liefde vir die ouer egter die toehoorder se toewyding tot die Meester sou oorskadu, sê Jesus hier dat hy of sy 'n moeilike besluit sal moet neem. God en sy gebod sê ook dat 'n vader en moeder hul kinders moet liefhê en versorg. As daardie liefde egter die ouers se toewyding aan Jesus in gedrang sou bring, sê die Heiland hier dat hy of sy 'n moeilike besluit sal moet neem. Ewige dinge kom eerste – dít is wat Jesus hier wou tuisbring.

Dié keuse wat gemaak moet word, verwoord Jesus in die NAB in drie sinne waarin die begrip werd telkens verskyn. Om 'n waardige volgeling te wees berus dus nie op verhewe sedes of selfs die oorwinning van sonde nie. 'n Mens is waardig op grond van jou vriendskap met Jesus. Jy is dus waardig wanneer jy Christus bo enigiets of enigiemand anders verkies – wat ma's, pa's en kinders insluit. 'n Mens kies die lydingsweg van die kruis en volg Jesus.

“My grootste begeerte vir ons jeug is 'n innerlike wat oorloop van aktiewe geloof, 'n geloof wat elkeen sover bring om sy/haar kruis op te neem en Jesus te volg. Gaan heen, jong dissipels van Christus – beginselvas, en geklee in die geregtigheid en reinheid van Bo. Die Heiland met wie julle bevriend is, sal julle lei tot die plekke en geleenthede wat by jul talente pas, daar waar julle op jul bruikbaarste is” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 87).

Soms moet 'n mens noodgedwonge 'n kruis dra wat deur andere op jou skouers geplaas is. Ander kere doen 'n mens dit vrywilliglik. Hoe dit ook al sy, die vraag is net: hoe dra 'n mens jou kruis getrou?

Selfsug

Die trilpopulier het 'n ondergrondse deel wat vreeslik uitgebreid is. Insgelyks is selfsug die sigbare deel van 'n van 'n versteekte stelsel wat die Bybel "sonde" noem – en dit is wat keer dat ons ware rus in Jesus vind. Van al die maniere wat sonde in ons lewens uiting vind, is selfsug sekerlik die eerste om kop uit te steek of hoe? Vir die meeste van ons is selfsug byna outomaties, soos om asem te haal.

Lees Lukas 12:13-21. Beskryf die probleem wat Jesus in dié gelykenis onderstreep. Is dit selfsugtig om vooruit te beplan, m.a.w. om toekomsplanne te hê? Minag 'n mens sodoende die koninkryk van God? Indien dit nie die geval is nie (of ten minste nie noodwendig die geval is nie), laat dit 'n mens wonder: waarteen waarsku Jesus ons dan hier?

Hierdie gelykenis verskyn net in Lukas se Evangelie, en volg op 'n vraag wat een van Jesus se toehoorders gevra het. Die kwessie het oor twee broers se erfposisie gegaan. Jesus reageer dadelik en sê dat Hy nie as arbiter gaan optree nie. Nee, Hy spreek liever die onderliggende probleem aan, te wete selfsug. Hy graawe diep om die wortels van ons individuele optrede bloot te lê.

Dink aan die maniere wat selfsug uiting vind in jou lewe. Hoe raak selfsug die band tussen jou en God, tussen jou en jou huweliksmaat, tussen jou en jou huismense asook die res van die familie, tussen jou en ander gemeentelede, tussen jou en die bure, en tussen jou en jou kollegas? Wat is die antwoord wat in Filippense 2:5-8 opgesluit is?

Deur uitsluitlik op sy eie behoeftes en ambisies te let, het die anonieme ryk man van Jesus se gelykenis die on sienbare, ewige dinge uit die oog verloor. *Groter, beter* en *meer* is nie hoekstene van Gods koninkryk nie. In Filippense bied Paulus ons 'n kykie in die motiverings wat Jesus sover gebring het om in ons plek te sterf.

Filippense 2:5-8 is 'n bloudruk vir onselfsugtigheid, nederigheid en liefde. As liefde vir God en vir ander nie die dryfveer van ons keuses en prioriteite is nie, gaan ons aanhou om nog skure by te sit en al minder skatte in die hemel bymekaar te maak (*Matt. 6:20*).

Baie mense jaag welvaart en stoflike besittings na. Hoekom is dit so maklik om in daardie strik te beland? Duidelik het elkeen van ons 'n bepaalde hoeveelheid geld nodig het om te kan oorleef. Tog gebeur dit dat ons altyd meer wil hê, ongeag hoeveel ons alreeds het. Hoe so?

Ambisie

Om die laaste week van Jesus se aardse bediening net voor sy kruisiging te bestuur, is 'n bron van bemoediging en inspirasie vir die gelowige. Dit is egter ook 'n goeie voorbeeld van hoe rusteloosheid en ambisie mense dryf om die mees ondenkbare dinge te sê en te doen.

Lees Lukas 22:14-30 en dink hoe Jesus gevoel het toe Hy moes aanhoor hoe sy dissipels tydens die Paasmaal aan tafel sit en stry oor wie van hulle die vernaamste in die koninkryk behoort te wees (vers 24). Die dissipels het op 'n besonder gewigtige oomblik op die grootsheid van die mens gefokus. Hoekom het hulle daardie dag die pad so lelik byster geraak?

Wie in die gemeente of in die huisgesin of by die werksplek die vernaamste is – sulke dinge bespreek mense gewoonlik nie onderling nie. Dalk dink 'n mens dikwels daaraan, maar wie uiter nou sulke gedagtes tydens 'n byeenkoms?

Boonop was dit ook nie die eerste keer dat dié kwessie deur Jesus se volgelinge onderling bespreek is nie. Matteus sê in hfst. 18:1 hoedat die dissipels dié vraag aan Jesus gestel het. Hulle wou dit as 'n hipotese – as 'n abstrakte moontlikheid – bespreek, en vra toe: “Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?” (OAB). Jesus se antwoord behels 'n tasbare voorbeeld-les. Eers roep hy 'n kind en laat hom tussen hulle staan. Skok en verbasing volg. Hulle verstaan nie wat Jesus met dié vreemde gedrag probeer sê nie! Dan in vers 3 kom die verduideliking: “Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!” (OAB).

Bekering is die grondslag vir ware rus in Jesus. 'n Mens besef dat jy hulp van buite benodig. Jy besef skielik dat jy nie op jousef kan staatmaak nie, maar eerder op Jesus. So ervaar 'n mens 'n transformasie in jou waardes en jou ambisie. Jesus sê hier in Matteus vir sy dissipels: *Vertrou op My en maak staat op My, soos hierdie kind. Ware grootsheid is om die dinge waarop jy geregtig is, prys te gee en dit vir koninkrykwaardes te verruil.*

Ongelukkig het die dissipels nog nie hierdie les onder die knie gehad teen die tyd dat Jesus sy laaste Paasmaal saam met hulle genuttig het nie. Hul onderlinge stryery en kopstampery het die volmaakste nagmaal op aarde – enig in sy soort – bederwe.

Dié onsmaklike gedrag en dit na soveel jare saam met Jesus! Hulle was saam in die bediening. Hulle het so baie aan sy voet gehoor en geleer. Wat 'n tragiese voorbeeld van ongetransformeerde harte! Tog is daar ook goeie nuus in dié teleurstellende prentjie – die blywende werklikheid dat God die mens genadig is, dat Hy ten spyte van dié patetiese gesprek tussen sy destydse volgelinge aangehou het om hulle te bearbei.

Ons behoort ons oë op die gekruisigde Jesus gevestig te hou. Hoekom is dit so 'n kragtige teenmiddel vir die sug na selfverheffing, 'n sonde waarvoor ons as gevalle wesens so maklik swig?

Skynheiligheid

’n Skynheilige is iemand wat eintlik ’n rol vertolk en wat voorgee om iets te weet wat hy/sy nie is nie. Die term word sewe maal in Matteus 23 gebruik. Hy leer die mense in die openbaar en stel die Fariseërs en skrifgeleerders – die hoogste gesag in die Joodse leierskap van weleer – aan die kaak en bring hulle sodoende in die verleentheid (*Matt. 23:13, 14, 15, 23, 25, 27 en 29*). Die Evangelies toon hoedat Jesus genade en vergifnis aan egbrekers, tollenaars, prostitute en selfs moordenaars geskenk het. Tog het Hy nie juis medelye met die skynheiliges gehad nie (*vgl. ook Matt. 6:2, 5, 16; asook hfst. 7:5; 15:7-9 en 22:18*).

Lees Matteus 23:1-13 en identifiseer die vier hoofeienskappe van ’n skynheilige (of ’n huigelaar) wat Jesus hier noem.

Jesus bespeur vier kenmerke van skynheiligheid by die Fariseërs en skrifgeleerdes. In die Joodse geloof van die eerste eeu na Christus lê die Fariseërs aan die konserwatiewe regterkant van die kontemporêre geloofspektrum. Hulle het in die geskrewe en ongeskrewe wette belanggestel, en het seremoniële reinheid beklemtoon. Aan die ander kant van die spektrum lê die Sadduseërs, ’n groep Joodse leiers wat grotendeels welgesteld was en wat dikwels met die elite priesterlike klas geassosieer word. Hulle het geweldig vergrieks (omdat hulle Grieks gepraat het en gemaklik met Griekse filosofie was), en het nie in die oordeel of ’n hiernamaals geglo nie. Diesulkes sou ons vandag liberaal genoem het. Beide die Fariseërs en Sadduseërs was egter skuldig aan huigelary.

Volgens Jesus is ’n mens skynheilig as jy die volgende doen: as jy een ding preek, maar ’n ander uitleef; of as jy dit vir andere moeilik maak om ’n godsdienstige lewe te lei terwyl jy self nie by daardie bomenslike standarde wat jy verkondig, hou nie; of as jy erkenning vir al jou pogings tot vroomheid wil hê; of as jy die verering en erkenning wat slegs die Here toekom, by ander te wagte is.

Jesus se woorde was skerp en op die man af. Nietemin was Hy liefdevol en besorg teenoor diegene wat Hy skynheilig genoem het, selfs teenoor die skynheiliges in dié skrifgedeelte.

“Die Seun van God kyk vir oulaas na die tempel en dan weer na sy toehoorders, met ’n uitdrukking wat van ’n diepe medelye – ’n medelye van Bo – getuig. Die trane rol. Diepbewoë en met ’n benoude stem roep Hy uit: ‘Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie!’ [NAB]” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 620).

’n Mens hoef nie ’n godsdienstige leier te wees om jou skuldig te maak aan die soort skynheiligheid wat Jesus hier veroordeel het nie. Hoe so? Hoe identifiseer ’n mens dié soort skynheiligheid in jou eie lewe en hoe raak jy boonop ontslae daarvan?

Hoe Om Rusteloosheid te Ontwortel

Lees Johannes 14:1-6. Wat kan 'n mens te midde van jou eie rusteloosheid doen sodat die konstante kommer tot 'n einde kan kom? Hoe oorkom jy tweespalt, selfsug, ambisie en skynheiligheid sodat jy kalmte en innerlike rus kan vind? Wat is die geheim?

Die oorwinning oor rusteloosheid begin altyd by Jesus. Hy is *die* weg, *die* waarheid en *die* lewe. Hy is die koersvaste kompas wanneer 'n mens doelloos in die woestyn van *media*-oorlaaide hersenskimme rondwaal. As die groot Wetgewer van Bo is Hy die vergestaltung van waarheid en sy Gees sal ons in alle waarheid lei (*Joh. 16:13*). Of 'n mens nou seergekry het, of moeg en mat is, of siek en moedeloos is, is Hy die lewe – en Hy is nie sommer enige lewe nie, maar die lewe. Om die waarheid te sê, Hy belowe ons lewe in oorvloed (*Joh. 10:10*). Dit sluit ons hemeltuiste en die ewige lewe in, maar beteken ook 'n ander soort lewenskwaliteit in die teenswoordige wêreld. Die Skeppergod is waarlik in staat om die lewe in oorvloed – 'n lewe wat ons verwagtinge oorskry – aan ons te gee, selfs hier op aarde.

“Laat julle harte nie ontsteld word nie” – hier nooi die Skrif ons om in afwagting op die Goddelike te leef. Wanneer 'n mens terneergedruk voel, kan Hy jou op hoër velde laat staan. Wanneer jy teen sonde en duisternis stry, begin Hy nie net die goeie werk in jou nie, maar volvoer dit ook (*Fil. 1:6*).

Hoe sleg dinge ook al met jou gaan (en ja, dit kan soms uiters sleg gaan), het 'n mens Jesus se belofte om voor oë te hou. Hy berei inderdaad 'n “plek” vir jou en my; 'n plek waar dit vir ewig klaarpraat met ons pyn, rusteloosheid en lyding is. Dit is die hoop wat ons in Christus Jesus het, en Hy bied dit aan elkeen van ons – ongeag wie jy is, of wat jou agtergrond is, of hoe verfoeilik jou lewe ook al was, of dalk op die oomblik is.

Die geheim hier is om ten spyte van hierdie dinge, en in ons swakheid, steeds tot God te gaan – te midde van die hartseer en gebrokenheid, te midde van die gevallenheid waarmee elkeen van ons stoei – en met die wete dat Hy ons ten spyte van hierdie dinge aanvaar. Dit is waaroor genade op die keper beskou, gaan. Dit is ook die rede hoekom 'n mens moet glo dat jy daardie genade reeds ontvang het as jy opreg daarna soek.

Lees Jeremia 3:22. Wat vra die Here ons om te doen? Wat doen Hy vir ons in reaksie op ons gehoorsaamheid?

Dink 'n bietjie aan Jesus se woorde, “En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (*Joh. 14:3, OAB*). Wat sê dit vir 'n mens oor die sentraliteit en deurslaggewende aard van die wederkomsbelofte? Hoekom is dié belofte so belangrik vir die Adventis (inaggenome die wyse waarop ons die toestand van die dode verstaan)?

Stof tot Nadenke: “Groei en vrug dra is buite die kwessie in ’n selfgesentreerde lewe. As ’n mens Christus as jou Heer en Heiland aanvaar het, moet jy van die eie-ek vergeet en ander probeer help. Praat oor die liefde van Christus. Verkondig sý goedertierenheid. Voer elke plig wat jou opgelê word, getrou uit. Hê ’n las vir siele en doen alles in jou vermoë om te red wat verlore gaan. Namate jy die Gees van Christus ontvang – die Gees van onselfsugtige liefde en naastediens – sal jy groei en vrug dra. Die vrug van die Gees sal in jou karakter tot wasdom kom. Jou geloof sal toeneem, jou oortuiging sal verdiep, jou liefde sal vervolmaak word. Algaande sal jy die karakter van Christus weerspieël in alles wat suiwer en edel, lieflik en lofliik is” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 67 en 68).

In die bylê van geskille onder lidmate “praat die betrokke partye ure lank. Benewens die kosbare tyd wat vermors word, moet die diensknegte van die Here boonop noodgedwonge na hulle sit en luister, en dit terwyl daardie partye se harte nog nie deur die influistering van die Gees versag is nie. As trots en selfsug opsygesit word, sal die meeste geskille binne vyf minute opgelos word” (Ellen G. White, *Early Writings*, bl. 119).

Besprekingspunte:

- ① Dink gedurende klastyd aan praktiese maniere om selfsug te oorkom. Hoe kan ’n mens mekaar verantwoordbaar hou sodat hierdie idees verwesenlik kan word?
- ② Ambisie is nie inherent sleg nie, maar hoe gemaak om ’n mens se groot drome en verwagtinge in die Here te behou sonder om in die strik van onbeheersde ambisie te beland?
- ③ Die meeste mense stel nie hul ambisie, skynheiligheid, selfsug en jaloesie ten toon nie. Ons is besonder bedrewe in die wegsteek van ons minder goeie eienskappe – net soos die geweldig uitgebreide wortelstelsel van die trilpopulier wat onder die grond weggesteek is. Hoe lyk karaktertransformasie onder leiding van die Heilige Gees in praktyk? Hoe kan ons rusteloosheid ontwortel en ware rus in Jesus vind?
- ④ Bepeins jou antwoord op Donderdag se slotvraag aangaande die belangrikheid van die wederkoms. Watter hoop het ons, per slot van rekening, daarsonder? Wat beteken Christus se eerste koms dan sonder die tweede, want ons weet immers dat die ontslapenes nog op die wederkoms wag, ’n opstanding wat eers by die wederkoms van Christus gaan gebeur?